**KONFLIK VAN BELANGE BELEID**
**vir**
**Claassens Makelaars BK**

By Claassens Makelaars BK, is ons daartoe verbind om te voldoen aan alle regulatoriese vereistes ten opsigte van konflik van belange soos in die FAIS algemene gedragskode voorgeskryf word. Ons het 'n beleid om konflik van belange gepas te bestuur, ten bate van ons kliënte en ander partye wat met ons sake doen.

## 1. Identifikasie

Voordat sake transaksies aangegaan word, sal Claassens Makelaars BK en sy verteenwoordigers oorweeg of die voorgestelde reëling enige potensiële konflik van belange kan veroorsaak. Claassens Makelaars BK en sy verteenwoordigers sal voortdurend transaksies monitor met kliënte en ander partye, om moontlike konflik van belange te identifiseer.

## 2. Beheer

Waar konflik van belange geïdentifiseer is, sal alle moontlike stappe gedoen word om dit te vermy. As vermyding nie moontlik is nie, sal ons met ons voldoeningsbeampte raadpleeg om die konflik van belange te versag of te bestuur. Maatreëls om sodanige belangebotsing te versag of te bestuur sal gedokumenteer en aan alle betrokkenes gekommunikeer word, om die gepaste bestuur van die risiko te verseker.

## 3. Monitering en nakoming

Sleutelpersone is verantwoordelik om toesig te hou oor die bestuur van enige konflik van belange wat geïdentifiseer is. Ons nakomingsbeampte, Masthead (Edms) Bpk, moniteer nakoming van die beleid en verseker dat toepaslike registers, opleiding, prosedures en prosesse op datum is.

## 4. Opleiding

Opleiding word verskaf vir alle personeel om te verseker dat hulle die verantwoordelikhede van die konflik van belange beleid verstaan.

**Claassens Makelaars CC**
Graham Str. 17, Welkom
PO Box 31014, Môreskof , 9462
CC No.: 2006/034819/23

Hennie Claassens (Member)
083 262 1993 (Cell)
057 352 9991 (Office)
info@claassensmakelaars.co.za

**5. Finansiële Belange Ontvang**

Claassens Makelaars BK ontvang slegs finansiële vergoeding van versekeraars of derde partye, soos volg:

a) Gemagtigde kommissie ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998) of die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998).
b) Gemagtigde fooie ingevolge die Langtermynwet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), die Korttermynwet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), wat in redelike ooreenstemming is met dienste wat gelewer word;
c) Enige addisionele fooie vir die lewering van finansiële dienste, indien daardie fooie
    i) word spesifiek deur 'n kliënt skriftelik ooreengekom; en
    ii) mag na die diskresie van daardie kliënt gestop word;
d) Ander gelde of vergoeding vir die lewering van 'n diens aan 'n derde party, wat redelik ooreenstem met die diens wat gelewer word;
e) Ander finansiële belang onderhewig aan enige wet.

**6. Finansiële Belange Aangebied**

Claassens Makelaars BK mag addisionele vergoeding of aansporing bonusse aan sy verteenwoordigers, personeel of derde partye bied ten opsigte van:

a) Verwysings van nuwe besigheid.
b) Onderhoud van bestaande besigheid.
c) Bykomende dienste met betrekking tot sy besigheid of kliënte.

Onderhewig aan wetgewing en regulatoriese vereistes

**7. Voorkeur van Produkte of Verskaffers**

Claassens Makelaars BK of enige van sy verteenwoordigers mag nie of sal nie voorkeur gee aan:

a) Die hoeveelheid besigheid wat aan 'n diensverskaffer verskaf word, behalwe waar dit betrekking het op die gehalte van die diens wat aan die kliënt gelewer word; of
b) 'n Spesifieke verskaffer, waar 'n verteenwoordiger meer as een verskaffer aan 'n kliënt mag aanbeveel; of
c) 'n Spesifieke produk; waar 'n verteenwoordiger soortgelyke produkte aan 'n kliënt mag aanbeveel.

**8. Geskenke**

Alle geskenke wat ontvang word, word gemonitor en aangeteken in 'n geskenk register. Die geskenk register vorm deel van ons voldoenings kontrole en 'n afskrif van die geskenk register is op aanvraag beskikbaar.

**Claassens Makelaars CC**
Graham Str. 17, Welkom
PO Box 31014, Môreskof , 9462
CC No.: 2006/034819/23

Hennie Claassens (Member)
083 262 1993 (Cell)
057 352 9991 (Office)
info@claassensmakelaars.co.za

## 9. Verklarings

a) Verteenwoordigers sal en mag nie enige monetêre aansporing van enige diensverskaffer of derde party aanvaar nie.
b) Geen verskaffer of derde party hou enige aandele in Claassens Makelaars BK.
c) Claassens Makelaars hou geen aandele of finansiële belang in enige versekeraar of diensverskaffer nie.
d) Meer as 30% van die totale kommissie word van Santam Bpk en Compass Versekerings Maatskappy Bpk.
e) Die inhoud van hierdie konflik van belange bestuursbeleid vorm deel van die kommunikasie aan ons kliënte.

## 10. Vergoeding

Claassens Makelaars BK ontvang slegs kommissie en fooie vir besigheid wat by die volgende entiteite en affiliasies geplaas word:

a) Alexander Forbes
b) Commercial and Industrial Acceptances
c) First Property Acceptances
d) Hollard
e) Liberty
f) Old Mutual Insure
g) Santam Ltd

## 11. Gevolg van nie-nakoming

Versuim om te voldoen aan die bepalings van hierdie beleid deur enige personeellid of verteenwoordiger van Claassens Makelaars BK, is 'n ernstige oortreding en sal tot dissiplinêre optrede lei.

**Claassens Makelaars CC**
Graham Str. 17, Welkom
PO Box 31014, Môreskof , 9462
CC No.: 2006/034819/23

Hennie Claassens (Member)
083 262 1993 (Cell)
057 352 9991 (Office)
info@claassensmakelaars.co.za